Kampvuur KEKKEL

hou KOERS!

WWW.VOORTREKKERS.CO.ZA



**Mei: Die maand van leierskap - 'n storie van mense wat voorloop en verlig**

Dit begin nie by 'n vergadering nie. Dit begin nie by 'n titel nie. Dit begin by 'n keuse.

'n Keuse om vroeër op te staan vir 'n kamp. 'n Keuse om nog 'n boodskap te antwoord laat in die aand. 'n Keuse om 'n kind raak te sien wat stil in die hoek sit... en hom of haar in te trek. So lyk leierskap by Die Voortrekkers.

In Mei, wanneer ons Werkersdag (1 Mei) vier – 'n dag wat mense se bydrae en harde werk erken – besef ons iets besonders: Ons leiers is nie net “werkers” nie. Hulle is bouers, rigtinggewers, draers van 'n droom.

Van die Hoofdagbestuur wat rigting gee, tot die Hoofbestuur wat visie vorm...die Gebiedsbesture wat dra en ondersteun... tot by die oordleiers wat ruimtes skep waar herinneringe gebore word, die kampleiers wat sorg dat elke kamp 'n storie word, die kommandoleiers wat week ná week opdaag, maak nie saak wat nie...En dan - elke offisier wat stil-stil die verskil maak.

Mei word dikwels gesien as 'n maand van werk, maar vir ons word dit iets meer: ‘n Maand van dankbaarheid. 'n Maand van erkenning. 'n Maand van leierskap.
Daarom sê ons aan elke leier - maak nie saak wat jou rol of titel is nie - ons sien jou raak en ons sien die verskil wat jy maak.

**Iets is op pad...**

Maar kan jy raai wat?

'n Foto van 'n geheimsinnige opname word gedeel... maar 'n groot deel van die foto is uit fokus. Twee bekende stemme, 'n kragtige boodskap.



Raaisel:
Die eerste man dra swaar op reis.
Langs hom hoor jy 'n voëltjie wat sing.
Piet-my-vrou, Piet-my-vrou
Of net 'n vrou wat hoë note bring?
Saam sing hul van iets wat nooit sal val
Dit staan deur storm en weer en knal.

Wie is ons en wat is die lied se naam?
Klik op die voëltjie en laat jou raaiskoot hier:

## NEEM KENNIS

**REGISTREER**

hier as Voortrekker

**REGISTRASIE VIR 2026 SLUIT OP 31 MEI**

Mei 2026

VOORTREKKERS AS LIGDRAERS IN DIE WÊRELD

# Mei
# Lei deur voorbeeld

## Die Voortrekkers Internasionale Kettieskietkompetisie 2026

Geskiedenis word gemaak! In 2026 loods Die Voortrekkers die eerste internasionale kettieskietkompetisie ooit vir Voortrekkers van Suid-Afrika, Namibië en Nieu-Seeland.
Hierdie opwindende nuwe projek bring Voortrekkers van verskillende lande bymekaar in 'n vriendskaplike maar uitdagende kompetisie waar elke deelnemer kans kry om vir hom of haarself lekker pryse los te skiet. Dit gaan oor vaardigheid, fokus en natuurlik baie pret!
'n Instruksievideo wat die reëls en opstel van die kompetisie verduidelik, is hier aanlyn beskikbaar. Deelnemers word aangemoedig om dit eers deeglik te kyk voordat hulle inskryf.
Inskrywings is oop vanaf 1 Julie en alle inskrywings moet teen 31 Augustus voltooi wees.

Hierdie kompetisie is die eerste gesamentlike internasionale projek tussen Voortrekkers oor verskeie lande heen. Dit skep 'n unieke geleentheid vir eenheid, samewerking en gesonde kompetisie tussen jong Voortrekkers wêreldwyd.
Ons daag elke Voortrekker uit: gryp jou kettie, oefen jou mik en wys wat jy kan doen! Skryf hier in:

## Sing saam

Wanneer Voortrekkers saam sing, gebeur daar iets besonders - vreemdes word vriende, groepe word een, en elke stem dra by tot iets groter. Musiek is ons taal van samehorigheid. Daarom is daar nou nóg splinternuwe liedjies beskikbaar vir Voortrekkers om saam te leer en uit volle bors te sing. Gryp die geleentheid aan, leer die woorde en laat die klank van eenheid wyd weerklink! Die maand luister na:

Dis net 'n worsie
Negentig jaar lank (nuut)
Hartsnaar (nuut)

Klik hier



## Het jy geweet?

- Kentekens mag nie agter op die formele onderbaadjie gedra word nie. Maak seker dat kentekens slegs op die korrekte, goedgekeurde plekke op formele drag aangebring word.
- Verkennerdogters en Drawwertjies met lang hare moet dit netjies vasgebind dra.

## Projek Ligpunt

Vanjaar vat ons hande met die NCPD as deel van hierdie projek. Hierdie samewerking bied vir ons 'n waardevolle geleentheid om meer te leer oor hoe ons mense met gestremdhede met sensitiwiteit, respek en begrip kan benader.
Daar is insiggewende video's beskikbaar wat praktiese wenke en riglyne deel oor inklusiewe optrede in alledaagse situasies. Ons moedig alle lede aan om tyd te maak om daarna te kyk.

Klik hier en lees meer oor ons projek:

## ZS95VTS - *Spesiale amateurradioroepsein vir 95 jaar*

Ter viering van die Voortrekkers se 95ste bestaansjaar in 2026, is 'n unieke en opwindende geleentheid beskikbaar gestel aan alle lede landwyd. 'n Spesiale opvoedkundige roepsein, ZS95VTS, is amptelik toegeken en kan gedurende die jaar deur kommando's, kampe en gebiede gebruik word.
Soos met die 90-jaar viering in 2021, waar daar selfs vanaf die dak van die Voortrekkermonument uitgesaai is, bied hierdie roepsein weer 'n besondere manier om ons storie te deel en jongmense bloot te stel aan die wêreld van amateurradiokommunikasie.
Hierdie projek skep 'n platform waar Voortrekkers, onder toesig van 'n geregistreerde radio-amateur, met ander radio-entoesiaste kan kommunikeer - plaaslik sowel as nasionaal en selfs internasionaal. Dit is opvoedkundig en bou brûe tussen mense van verskillende agtergronde, aangesien radio-amateurs oor die algemeen groot entoesiasme toon om met jongmense te gesels en hul kennis te deel. Alle Voortrekkerstrukture word uitgenooi om van hierdie roepsein gebruik te maak gedurende 2026. Hierdie inisiatief bied uitstekende blootstelling vir die Voortrekkers, met verdere bemarking wat deur die Suid-Afrikaanse Radioliga onder hul lede gedoen word.



Kom vier saam 95 jaar van avontuur, leer en leierskap en maak jou stem hoor oor die lugweë!
Vir navrae:

## Instagram

Terwyl ons 95 jaar van Voortrekkers vier, moedig ons elke lid aan om deel te wees van ons digitale voetspoor. Deur ons Instagramblad te volg, help jy nie net om ons bereik te vergroot nie, maar ook om die Voortrekkers se unieke storie met 'n wyer gehoor te deel.
Ons deel gereeld hoogtepunte, aktiwiteite, prestasies en spesiale oomblikke van regoor die land. Elke volg, "like" en deel help om ons sigbaarheid te versterk en nuwe lede en ondersteuners te bereik.
Gaan volg ons op Instagram en moedig ook jou vriende, familie en mede-Voortrekkers aan om dieselfde te doen.
Klik op die instagram-ikoon en volg:

## Nuwe hulpmiddel

Hierdie maand kyk ons na medaljes in Die Voortrekkers. Klik op die medaljes vir 'n splinternuwe hulpmiddel.

